# 5 Maart 2024 - Lesing 253 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God se Gees spreek Homself nie teë nie – 11/1/62

**NO: 8077** Julle kan My Woord rustig as suiwer waarheid uitdra, want Ek sal julle gedagtes so lei dat julle steeds sal insien waar My teenstander hom op die voorgrond plaas en die denke van die mense wil verwar.

**Ek gee julle tog die suiwer Waarheid** sodat sy ingang kan vind onder die mense. En wie Ek hierdie waarheid in 'n direkte vorm kan laat toekom, die **is ook geskik om 'n leeramp uit te oefen** en hy sal altyd alle teenwerpings wat aan hom van die kant van sy medemens gemaak word, kan weerlê.

Ek wil hê dat die waarheid deurbreek, dat dit lig word, **dat die duisternis verjaag word**, d.w.s. dat die mense korrek leer dink. Omdat dit egter die vrye wil van die mense vereis, sal dit nie maklik wees om teen die dwaling in te gaan nie. **Dog die mens self is verantwoordelik daarvoor** of hy in die waarheid wandel of in dwaling voortgaan, want van My kant af word hom **waarlik veel lig gestuur**, wat hy maar hoef aan te neem as die ontwikkeling van sy siel vir hom erns is.

En daarom moet julle ook die toeligting gegee word dat julle **nooit hoef te vrees dat My Gees Homself sal teenspreek nie**. Deur al diegene wat vir My werk sal Ek altyd **dieselfde waarheid** na die aarde stuur, alles wat My openbaringe teenspreek kom van My teenstander.

Maar of dit My Gees is wat dit openbaar, dit kan almal wat dit ernstig meen met die waarheid, wel maklik insien. **Want <u>Ek</u> gee hom ook die onderskeidingsvermoë** en dan sal hy hom ook deur Myself aangespreek voel. Maar hy moet My Woord **met die hart aanneem, nie net met die verstand nie**.

Wie ondersoek instel en bevooroordeeld is, kan nie meer korrek oordeel nie, want dan het sy verstand die oorhand en **dit oorstem dan die gevoelens van sy hart**. Ek kan egter slegs deur die hart tot julle mense spreek. Daarom: Open julle harte as Ek tot julle moet spreek, of dit nou regstreeks is of deur dit wat deur My dienare oorgebring word.

Verlang dus dat julle **<u>deur My</u>** aangespreek word en waarlik, **julle denke sal verlig word**. Julle sal dan begryp wat vir julle tevore onbegryplik was, - julle sal dan ook in staat wees om 'n helder oordeel te vel en julle sal gelukkig wees om **die Stem van julle Vader te verneem**, Wie tot al Sy kinders wil spreek, tot almal wat alleen maar begeer om My te hoor. Amein.

Deur gebeurtenisse in die natuur openbaar God Sy Mag

**NO: 8080** Oor alles wil Ek julle opheldering verskaf, wat daartoe dien dat julle nog voor die einde die weg na My sal neem, julle God en Skepper, Wie julle eens vrywillig verlaat het.

Julle mense ken nie die rede vir julle bestaan as mens op hierdie aarde nie en tog moet julle probeer om daarvan te wete te kom, want dan eers leef julle julle aardse lewe bewustelik. Dit was vir julle weliswaar al gesê: Julle is op die aarde om volmaak te word, maar omdat julle die diepere insig mis, **maak hierdie leringe geen indruk op julle nie**. Julle moet eers volgens waarheid onderrig word en **self** in julle gedagtes 'n standpunt daaroor inneem. Dan eers sal julle julle lewens doelmatig ontplooi.

En hierdie waarheid probeer Ek julle te laat toekom, **maar julle vrye wil gee die deurslag** of julle dit ook sal aanneem en insien as waarheid. Nou egter staan julle mense kort voor die einde en wil julle vooraf nog dat julle siele rypheid bereik dan sal julle dit ernstig moet neem en julle **bewustelik met julle God en Skepper in verbinding moet stel**. Julle sal dus eerstens aan Hom moet glo.

En daarom sal julle nog baie meemaak wat julle te blyke gee van **'n "Mag" buite die aardse wêreld**, julle sal die tussenbeide kom van 'n Mag, oor Wie julle self niks te sê sal kan hê, nie kan ontken nie, Wie ook julle lot vorm gee en aan Wie julle julleself sal moet oorgee.

Wanneer julle maar tot hierdie insig kom tydens julle aardse lewe, dan is die eerste tree al gegee, dan is dit ook moontlik dat julle met die Mag kontak kan maak en dan sal julle deur My vasgegryp word en waarlik stap vir stap hoër gelei word.

En julle sal nou ook kan begryp waarom Ek probeer om My so dikwels in **gebeurtenisse in die natuur** te openbaar. Die mense moet daaruit kan agterkom dat die menslike wil en menslike kragte niks vermag as daar in die natuur dinge gebeur wat as katastrofes ook ontelbare menselewens eis.

Hulle moet leer insien dat daar 'n Mag bo hulle staan, ofskoon sulke gebeurtenisse nog geen geloofsdwang beteken nie, omdat die totaal ongelowige mense vir hulself ook **ander verklarings sal gee van sulke gebeurtenisse**, solank hulle teenoor My nog 'n weerspannige ingesteldheid het.

Maar Ek openbaar My in gebeurtenisse van allerlei aard in die natuur, - daar sal tog altyd enkele mense wees wat hulleself daardeur aangespreek voel, d.w.s. insien dat Ek bestaan en dat hulle ook self van My uitgegaan het.

Die tyd tot die einde is nog maar kort, maar **soortgelyke openbaringe sal daar nog baie wees**, want anders kan Ek nie meer spreek tot hulle wat verhard is en slegs deur die swaarste slae van die noodlot nog enkele siele kan wen, **wat skielik sal besef dat hulle self magteloos is** en afhanklik van Hom Wie hulle geskape het.

En steeds weer sal Ek daarom tot die mense spreek, hard en geweldig tot hulle wat geen ag slaan op 'n sagte aanspreking nie, want die verbinding van My met die aarde sal altyd bly bestaan, omdat julle mense skepsele van My Liefde is, wat Ek terug wil wen. En hoe naderby die einde is, des te harder sal My Stem klink, Wie Homself deur die elemente van die natuur sal uiter, totdat die laaste dag aangebreek het, waarop geoes moet word, - waarop alles wat geheel van My afgekeer is, opnuut 'n prooi van die dood sal word en (vir Myne) 'n nuwe lewe sal begin op die nuwe aarde. Amein.